

19 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:6-20  
Fokusgedeelte: Efesiërs 5:18-20

### Vervul met die Gees – getuienis onder mekaar

Baie opregte kinders van die Here wonder dikwels wat die woorde van *Efesiërs 5:18b* beteken, waar Paulus sê: “... *laat die Gees julle vervul.*”

As ons Efesiërs 5:18-20 met Kolossense 3:16 vergelyk, kry ons al klaar ’n duidelike stuk lig oor die betekenis van Efesiërs 5:18b:

- In Efesiërs 5:18b word gesê: “... *Nee, laat die Gees julle vervul.*” En direk daarna volg in vers 19: “... *en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere ...*” (1983-vertaling).
- In Kolossense 3:16 word gesê: “*Laat die woord (Grieks: Logos) van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid.*” En direk daarna volg: “*Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here*” (1953-vertaling).

Omdat die woorde “*laat die Gees julle vervul*” (Ef. 5:18b) en “*Laat die woord van Christus ryklik in julle woon ...*” (Kol. 3:16a) in albei Skrifgedeeltes gevolg word met dieselfde oproep om onder mekaar psalms, lofgesange en geestelike liedere te sing, beteken “vol van die Gees van Christus” en “vol van die woord van Christus” dieselfde.

Wanneer Paulus in Efesiërs 5:18b, 19 sê: “*Moet julle nie aan drank te buite gaan nie, maar laat die Gees julle vervul en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here*”, dink hy aan gelowiges wat die lewende, mensgeworde Woord van Christus, met ander woorde Christus in hulle, ervaar en besing en tot eer van die Here toesing.

Wanneer dit gebeur, kan dit nie anders nie as dat ’n spontane danklied en ’n dankgebed uit die hart van die singende gelowiges vloei (Ef. 5:20). Van hierdie kontras tussen lig en donkerte praat Paulus in Efesiërs 5:6-17. Byvoorbeeld:

- Vers 8: “*Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig.*”
- Vers 9: “*Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is.*”
- Vergelyk ook verse 13 en 14.

Hoe meer ons so lewe, lewe ons werklik soos Geesvervulde mense van die Lig!

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Dr. GCP Labuschagne (Vleuels)*